# NHSV WATERBERG

Die Susters van die Ned. Hervormde Kerk Gemeente Waterberg in Modimolle het tydens Maatskaplike Werkersdag op 17 Maart die twee maatskaplike werkers verbonde aan die plaaslike Ondersteuningsraad van die Hervormde Kerk met koek en tee bederf. 'n Pragtige teetafel is buite in die tuin van die kantoor van die Ondersteuningsraad gedek in vrolike wit, geel en pienk en kon almal heerlik in ontspanne en gesellige luim saam verkeer. Annatjie van Biljon (Voorsitter van die NHSV) het haar dank namens die gemeente en gemeenskap van Modimolle aan Henriëtte Els, Lize Fouche en ook hul sekretaresse Engela Bolton oorgedra - "Hierdie besondere diens wat julle kantoor aan die gemeenskap lewer is 'n groot verantwoordelikheid en word opreg deur die inwoners van die omgewing waardeer. Mag dit steeds uitgebou word om 'n verskil te maak aan ander minderbevoorregtes in ons plaaslike gemeenskap se lewenskwaliteit." Tydens hierdie geleentheid is 'n oorhandiging gedoen van toiletware soos gesigseep, sjampoe, waslappies, lyfroom, tandepasta en tandeborsels en toiletsakkies. Lidmate van die NH Kerk Gemeente Waterberg het gedurende Maart hierdie projek ondersteun met skenkings van die produkte. Baie dankie aan elkeen se positiewe ondersteunende gesindheid.

Die dames op die foto van links na regs

Ria Otto, Duifie Strydom, Magda Bothma, Tienie van Zyl, Henriëtte Els (Maatskaplike werkster) Engela Bolton (Sekretaresse) Lize Fouche (Maatskaplike werkster) en Elsa Badenhorst

Op die foto by die tafel is Duifie Strydom en Annatjie van Biljon